



Foto bo en regs onder: Willem van der Berg. Foto regs bo: Vanessa Smeets - beide klas van 2010.

Crozier Street *just got an upgrade...*

The boutique-style journalism school has just got an upgrade... Yes, at last, the construction work behind 26 Crozier Street has been completed, and we marvel every day at our lovely new annexe.

The new complex houses a new lecture room (ground oor) and an integrated multimedia newsroom on the top oor, complete with four studios for video and sound editing.

But, not to worry: we will remain small, as our aim is quality, not quantity. Now,

however, we can do our “quality” also in a custom-designed building in which to educate and train journalists of the future.

Ons nuwe gebou het selfs die lank-begeerde koffiekroeg vir studente, en selfs ons agterplaas het ’n “upgrade” gekry met ’n braaiplek wat die res van die Fakulteit (nog meer) laat wonder wat ons dan nou eintlik in ons departement doen.

Die uitbreiding is deel van die Universiteit se Hoop-projek, en die bouwerk het R7 miljoen gekos. (As jy ’n

bydrae wil maak vir van ons toerusting, is jy baie welkom...)

Ons ontvang graag alumni wat na ons pragtige nuwe anneks kom kyk: as ’n mens tussen die twee geboue staan, voel dit letterlik na Janus: die oue en die nuwe, die een wat agtertoe kyk, en die een wat vorentoe kyk - ’n metafoor ook vir goeie joernalistiek wat perspektief moet kan gee, en terselfdertyd die wagter op die mure moet wees.

- Lizette Rabe

Bun die eerste gasdosent

Die eerste gasdosent in ons pragtige nuwe gebou se pragtige nuwe lesingsaal was toevallig (of dalk nie) ... Bun Booyens, oud-student (Hons en M), en eerste Rykie van Reenen-genoot in die Departement. Hier is hy by die BPhil 2010-klas, wat elkeen ’n goue medalje verdien vir uithou en aanhou en kophou te midde van die amper een jaar lange gekap, geboor en geruomer net buite die ou lesinglokaal. Heel regs sit Jo-Ann Floris, 2010 se Rykie-genoot, wat op haar beurt ’n goue medalje verdien vir uithou en aanhou en kophou met die gekap, geboor en geruomer én die BPhils.

Foto: Vanessa Smeets (klas van 2010)



CROZIERSTRAAT

Ouers en kinders



Malene Breytenbach en Karen

Karen Breytenbach (klas van 2004) het aan die einde van haar joernalistiekjaar 'n internskap by die *Cape Times* gedoen, wat gelei het tot 'n aanstelling vroeg in 2005. Sy het aanvanklik berig oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe, van misdaad, natuurrampe en reddingspogings tot hofsake, kinderregte en die regering se hantering van immigrante en asielsoekers. Sy was ook die koerant se nie-amptelike xenofobie-verslaggewer en het indiepte-navorsing gedoen wat die fenomeen belig het lank voor die landwye aanvalle op buitelanders.



Tim du Plessis en Charl

Charl du Plessis (klas van 2009) het 'n graad in die Regte aan die Universiteit van Johannesburg behaal. Die regsberoep het hom nie juis geïnteresseer nie en het hy besluit om ook 'n joernalis te word.

Tim du Plessis (klas van 1978) is tans redakteur van *Beeld* nadat hy redakteur van *Rapport* en die *Citizen* was. Hy bet ook die nuusaktualiteitsprogram *Wat's die storie* op kykNET aan.

Louis de Villiers en Estee

Leona Amoraal en Lezél

Lezél Amoraal (klas van 2000) het ná haar BPhil (Joernalistiek) in 2001 by M-Web se *Learning on Line* haar joernalistieke loopbaan begin. In Junie van daardie jaar is sy na *Die Burger* en was vir 'n ruk 'n bladsub. In 2002 het sy ook die MPhil (Joernalistiek) behaal. Daarna was sy tot April 2005 redakteur van *JIP*. Die wanderlust het haar beetgepak en sy is na Engeland vir ses maande. Intussen het die onderwys haar geïnteresseer en het sy by UNISA ingeskryf vir 'n Nagraadse Onderwysertifikaat (NOS).

In 2006 het sy 'n aanstelling by die Hoër Meisieskool Bloemhof as Geskiedenisonderwyser aanvaar. Haar agtergrond in die joernalistiek vind 'n noue aansluiting met geskiedenis. Sy het vanjaar 'n kursus in Sportsielkunde aan UNISA voltooi. Volgende jaar neem sy 'n skooltoergroep na Rusland, Duitsland en Frankryk op die spore van die Tweede Wêreldoorlog en die Koue Oorlog. Sy was ook betrokke by die skoolkoerant, *Fidelis*, en is tans die afrigter van die skool se eerste hokkiespan. Sy het ook in 2008 en 2009 onderskeidelik die Boland 0/16B- en 0/18B hokkiespanne afgerig.

Leona Amoraal is sedert 1978 verbonde aan die departement. Aan die begin het sy snelskrif en tik vir menigte joernaliste probeer leer. Daar is later oorgeskakel na rekenaarvaardigheid. Tans is haar passie die formatering van dokumente - nie alleen moet die inhoud goed wees nie, maar dit moet ook goed lyk. Haar leuse wat sy by die studente inskerp is "Working smarter, not harder".

Ná 'n jaarlange bywoning van die Inge Lotz-hofsak is sy aangestel as die *Cape Times* se "Justice Writer". Sy het die volgende twee jaar verslag gedoen oor regskwessies, die Regterlike Dienskommissie se hantering van die Hlophe-aangeleentheid en hofsake in die Kaapse Hooggeregshof. Ná bykans vyf jaar by die koerant het sy besluit om 'n nuwe uitdaging aan te pak. Sy het twee maande gelede aangesluit by die reklame-agentskap *The Phoenix Partnership*, en doen nou strategiese kommunikasie en mediawerk vir die denkskrum *Accelerate Cape Town*, die liefdadigheidsorganisasie *Home From Home*, die organiese groenteplaas *The Drift* in Napier, *d'Ouwe Werf Hotel* en 'n paar ander.

Malene Breytenbach behaal haar HonsBJoer in 1989 en 'n MA (Joernalistiek) in 1991. Sy was die eerste alumna om die DPhil (Joernalistiek) in 1999 te voltooi. Meer as 30 romans (kontemporêr, medies en histories) het uit haar pen gevloei en sy skryf ook onder die skuilnaam Marilyn Bennett.



Die dogter van Louis de Villiers, **Estee de Villiers**, sal in 2011 'n lid van die BPhil-groep wees. Dit is presies dertig jaar nadat haar pa in 1981 die destydse honneursprogram voltooi het. Estee voltooi tans die graad in joernalistiek aan die Universiteit van Johannesburg. Op hoërskool wou sy eerder 'n vlieënier geword het. Nadat sy 'n baie lang aanlegtoets afgelê het, het 'n bedryfsielkundige vir haar gesê om joernalistiek 'n kans gee "omdat sy besonder kreatief is".

Estee het nooit haar pa goed geken nie. Haar ouers is geskei toe sy twee was, en haar pa is oorlede toe sy ses en haar suster, Renée, nege was. Estee sê sy voel nou nader aan hom noudat sy dieselfde beroep gaan beoefen.



Broers en susters

Die volgende broers en susters het al Crozierstraat 26 vir 'n jaar hul tuiste gemaak.

Bottomley: Edward-John (2006) en Nielen (2011)

Brand: Robert (1987) en Marthali (1997)

Brümmer: Stefaans (1990) en Willemien (1998)

De Vries: Florence (2004) en Blanché (2009)

Du Bois: Pierre (2001) en Marie-Louise (2005)

Fölscher: Barbara (1982) en Alta (1986)

Joubert: Niel Joubert (2010) en Jana (2011)

Redelinghuys: Hugo (1981) en Pieter (1990)

Strydom: Theuns "Wortel" (2005) en Casper (2010)

Van der Spuy: Lisel (1978) en Bobbi (1986)

Huwelike

Crozierstraat het ook gesorg dat romanse blom – die volgende huwelike is voltrek:*

Liesel van der Spuy (1978) en Fanie Krige (1978)

Ingo Capraro (1980) en Anine Truter (1980)

Jeanne Cillié (1980) en Dolf Els (voormalige deelydse dosent)

Miempie Brits (1980) en Riaan Louw (1980)

Erich Lutz (1980) en Noëlline van Wyk (1980)

Marita de Beer (1981) en Louis de Villiers (1981)

Anet Brunner (1983) en Deon Schoeman (1983)

André du Toit (1985) en Sandra Kleynhans (1985)

Ilse Pauw (1985) en Barrie Terblanche (1988)

Bun Booyens (1986) en Suzette Truter (1986)

Libby Peacock (1989) en John Viljoen (1989)

Maggi Hugo (1991) en Jaco Barnard (1992)

Santa Holtzhausen (1993) en Nic Buchanan (1993)

John Bailey (1995) en Natasha Pamplin (MPhil 1999)

Andrea Botha (1995) en Johann van Tonder (deelydse dosent)

Helena Schutte (1995) en Herman Wasserman (1994)

Pierre de Villiers (1995) en Liza Stewart (1995)

Liezel de Lange (1996) en Ryk van Niekerk (1996)

Birgit Ottermann (1996) en Clement du Plessis (MPhil 1997)

Magriet Theron (1997) en Albertus van Wyk (1997)

Nicola Davies (1999) en Theuns Laubscher (1990)

Jo Prins (1999) en Mariska Noble (1999)

*Die lys name is volgens die databasis – Janus het nie die huidige verbintenisse/egskeidings ens. in ag geneem nie.

Crozier Brokkies

Twee alumni, Malene Breytenbach en Nicolene Botha (Gerber), skryf DPhil (Joern) agter hul name. Simphiwe Sesanti, dosent aan die departement, het sy proefskrif voltooi en wag tans op die uitslae.

DPhil(Joernalistiek)

12

12 het die MA (Joernalistiek) verwerf en sedert 1997 het 115 studente die MPhil (Joernalistiek). Vanaf 2012 word die kursus weer 'n MA (Joernalistiek).

115

* DOKTORALE NAVORSING

Gawie Botma is tans in die pylvak met sy doktorsale navorsing. Ander kandidate is Elna Rossouw (UJ), Bev Dube (UNIVEN) en Tom Fox (UNAM)

778

honneurs-studente het sedert 1978 deur die voordeur van Crozierstraat 26 beweeg.

Lizette Rabe

Lizette Rabe (klas van 1978) se *Bete und Arbeite. The Philippi Germans and their story* is vanjaar gepubliseer. Haar navorsingsprojek oor Rykie van Reenen is tans by die uitgewers.

RYKIE VAN REENEN

Hanli Booyens is die Rykie van Reenen-genoot vir 2011.

REDAKTEURS

Ons is trots op die vier nuwe alumni-aanstellings as redakteurs.

BEELD

Tim du Plessis (klas van 1978)

CAR

Hannes Oosthuizen (klas van 1999)

DIE BURGER

Bun Booyens (klas van 1986)

VOLKSBLAD

Ainsley Moos (klas van 2001)

WEG

Barnie Louw (MPhil 2001)



Die Naaimasjien

Rachelle Greef (klas van 1979) se *Die Naaimasjien*, met Sandra Prinsloo, is 'n kragtoer wat dwarsdeur die land vol sale trek.

GEORGE CLAASSEN

George Claassen (hoof van die departement 1994-2000) het die afgelope jaar 'n paar publikasies voltooi:

Goed om te weet - Mense, plekke, gedagtes en gebeure wat saakmaak (saam met Hans Büttner, Tafelberg-uitgewers)
In the know - People, places, ideas and events (Hans Büttner, Tafelberg-uitgewers)
In die woorde van Suid-Afrikaanse sporthelde
In the words of South African sporting heroes
In the words of South African struggle heroes (Peguin Books)



Betowerende Malawi (Foto: Terry de Vries)

AL IN DIE VOETSPORE VAN

TERRY DE VRIES

David Livingstone

Een van die voordele van 'n joernalis is dat jy jou weg vir jou kan oopskryf. En so 'n voorreg het my vanjaar getref: Toyota SA het 'n Land Cruiser beskikbaar gestel waarmee ek deur Afrika saam met die 4x4 toeroperateur *Live the Journey* gereis het.

Vroeg die Saterdagoggend vertrek ons van Klapmuts naby die Paarl in vyf Toyota's op ons Afrika-ekspedisie. Dit is 12 Junie 2010, die Wêreldbeker Sokkertoernooi het net begin. En ons vat die pad in Afrika in.

Mike Copeland, reisskrywer en Afrikareisiger, lei ons op die voetspore van David Livingstone deur ses Afrikalande: Suid-Afrika, Botswana, Zambië, Tanzanië, Malawië en Mosambiek. Of altans, dit is die ekspedisieplan. Afrika het mos sy eie ritme, sy eie idees en sy eie tyd; hy laat hom nie sommer voorskryf nie.

Ons kamp die eerste aand op 'n onder-vriespunt bibberende Verneukpan waar die res van die groep, twee boere van die

Langkloof, vir ons wag. Nie in 'n Toyota nie – iets waaroor ons hulle baie spot! Ons eerste kennismaking met Livingstone is die volgende dag op Kuruman by die Moffat Mission Station.

David Livingstone is op 19 Maart 1813 in Blantyre, Skotland gebore. Hy het baie arm grootgeword, het van 10-jarige ouderdom ses dae 'n week vir 14 uur lank gewerk en saans vir twee uur skoolgegaan. Op 23 gaan hy na die Glasgow universiteit waar hy teologie en medies studeer. Hy doen aansoek by die London Missionary Society, oorspronklik om na China te gaan, maar ontmoet Robbert Moffat wat die sendingstasie op Kuruman begin het en besluit om eerder Afrika toe te kom. Ons sien die klein aparte eenkamer-kliphuisie waarin Livingstone by die Moffatsendingstasie gebly het. Daarvandaan het hy verskeie ontdekkingsogte noord aangepak. Sy droom was om sy eie sendingstasie te begin.

Op een van sy sendingtogte in Bechuanaland (Botswana) word Livingstone

in 1844 deur 'n leeu aangeval en sy linkerarm word sleg gebreek. Hy gaan terug na Kuruman om aan te sterf en vra Robbert Moffat se dogter, Mary, om met hom te trou.

Ons ry van Kuruman na die sendingstasie wat Livingstone by Kolobeng, net buite Gabarone in Botswana, in 1847 begin het. Vandag is daar net enkele klippe oor. 'n Bewys miskien dat Livingstone se hart nie eintlik in 'n sendingstasie was nie. Die reisgogga het hom gebyt en hy wou baie eerder reis en ontdek.

Ons bly die aand by Mokolodi Backpackers net buite Gabarone. Die volgende oggend hoor ons Prins Charles en sy twee seuns, Harry en William, is by die Mokolodi Natuurreservaat. Maar ons het nie tyd om natuurreservaat toe te gaan nie, die lang pad noorde toe lê nog voor!

Ons lê meer as 600 km af en kom skemertyd met 'n sekelmaan by Nata Lodge aan. Die volgende oggend agtuur

– ons vertrektyd soggens (en nee, nie een van die ses voertuie was ooit laat nie) – is ons vol moed vir die grenspos wat voorlê. Maar die eerste oponthoud begin al by die garage net voor Kazungula – al die pompe is leeg!

Dit kos toe inry Kasane toe en kort ná 12:00 stop ons in die lang ry motors wat wag om op die pont oor te gaan Zambië toe.

Dit word 'n laaang wag. Daar is 'n klomp lorries wat voorkeur kry. Die pont wat die motors vervoer, hoor ons later, is glo stukkend. Skielik is daar 'n hele klomp mokoro's wat aanmeer aan die pont en kanne petrol en kaste bier word oorgelaai: Zambiese sakemanne! Petrol is goedkoper in Botswana (vandaar die leë petrolstasie).

Uiteindelik is dit ons beurt om op die pont te ry en oor die Zambesierivier te vaar. Kazungula-grenspos is op 'n unieke plek, waar Botswana, Namibië, Zimbabwe en Zambië langs mekaar lê.

Aan die anderkant van die rivier is dit omtrent 'n sirkus. Jy moet koolstofbelasting betaal – in Zambiese kwachas. So jy word gedwing om geld om te ruil by handelaars teen wie jy gewaarsku is. En jy loop van bakboord na stuurboord om tolpadbelasting in die een gebou te betaal, munisipale belasting by die polisie in 'n ander gebou, en derdepartyversekering in nog 'n ander gebou. Dis vyf uur toe ons eers daar ry...

Maar 'n lekker koue Mosi-bier by die Bushfront-kroeg waar ons kampeer net anderkant die dorp Livingstone maak op vir alles. En boonop 'n televisie waar ons die Bafana Bafana wedstryd kan kyk (ongelukkig die een waar ons verloor het teen Uruguay).

Uitgerus die volgende oggend gaan kyk ons na die Victoriavalle, wat David Livingstone in November 1855 die eerste keer gesien het: "The most wonderful sight I had witnessed in Africa. No one can imagine the beauty of the view from anything witnessed in England. It had never been seen before by European eyes, but scenes so lovely must have been gazed upon by angels in their ight."

Die valle is die volste wat dit nog in 20 jaar was en die misreën van die massas water maak jou papsopnat. Die standbeeld van Livingstone tuur jare reeds oor dit als.

Ons gaan maak 'n draai in die Livingstone-museum en sien van sy handgeskrewe briewe. Sy verskillende ontdekkingsreise is op getekende kaarte uitgelê. En jy besef al hoe meer Livingstone was 'n man met deurstellingsvermoë.

'n Paar dae later tref ons die Vrydagmiddagverkeer in Lusaka. Ek het al in 'n groot GMC kombi tussen al die geel taxi's in New York se strate bestuur en in 'n klein Avis-motortjie tussen die toeterende Italianers in Rome. Maar NIKS



Ons koop 'n vars geelpensvis uit die Tanganjika-meer van visserman Christopher en sy seun.



"Magic fingers" op 'n tuisgemaakte kitaar.

kom by Lusaka nie!

Niemand slaan ag op 'n rooi verkeerslig nie. Almal ry gelyk en toet hulself in 'n plek in. So jy druk ook maar jou toeter, sê 'n skietgebed op en sorg dat jy teenaan die konvooiomotor voor jou ry. Die Land Cruiser voel klein teen die lorries en die busse, maar ons hou ons vel dik en ry!

Ons volgende ontmoeting met Livingstone is by die Livingstone-Gedenksteen diep in Zambië in die Bangweulu-vleilande.

Barbara Masasi ontmoet ons en vertel ons als van die laaste paar dae van Livingstone. Sy bynaam onder die stam was Ngelesa, wat "soos God" beteken. Hy was reeds baie siek toe hy hier aangekom het en is op 1 Mei 1873 in sy tent gevind waar hy op sy knieë biddend gesterf het.

Livingstone se hart en ingewande is uitgehaal en onder 'n boom waar die gedenksteen vandag staan begrawe. Sy liggaam is gebalsem met sout en in die son gedroog vir 14 dae. Daarna is sy liggaam in material en boombas toegedraai

en het sy twee getroue volgelingen, Chuma en Susi, die lyk vir nege maande gedra na Bagamoyo aan die Tanzaniese kus – 'n afstand van meer as 2 500 km!

Livingstone se liggaam is per boot na Londen gestuur en 'n jaar ná hy dood is in Westminster Abbey as held begrawe. Die enigste manier hoe hulle sy liggaam kon uitken was aan sy gebreekte linkerarm van die leeuanaal!

Ons blaas 'n sokkerbal op vir die kinders in die dorpie en tot die stamhoof se raadgewer kom staan by om die gedoente te aanskou. Die kinders ken nie 'n regte sokkerbal nie, net balle wat hulle uit plastiëksakke maak en wonder bo wonder 'n goeie hop het.

Die volgende dag pak ons 'n ware 4x4 ritteltitrit aan na Shoebill-eiland – ons ry ses uur aan 140 km! Maar dis als die moeite werd want na 'n uur se vaar op 'n veselglas mokoro sien ons 'n Shoebill ooievaar, 'n hoogtepunt vir almal van ons.

Tevrede ry ons terug op die slegte pad om weer die groot pad noorde toe te kry – ons moet na die Tanganjika-meer om die MV Liemba boot te haal. Op pad stop ons eers oor by die Kapishya warmwaterbronne en lawe ons moeë sto ywe. Spierwit sand borrel en kook onder jou voete en die warm water trek al die seer uit jou spiere.

Vars en uitgerus ry ons verder. Betyds vir die boot kom ons in Mpulungu in Noord-Zambië aan die onderpunt van die Tanganjika-meer aan. Slegte nuus: die boot vertrek nou elke twee weke. En weer word ons herinner daaraan dat Afrika op sy eie tyd en ritme leef. Al wat jy kan doen is om aan te pas.

Dis 'n groot teleurstelling vir party van ons groep, maar heimlik is ek bly want ek lees jy moet maar Immodium drink vóór jy op die boot klim omdat die badkamergeriewe so erg is! Ons sou twee dae gevaar het na Kigoma in Tanzanië vanwaar ons na Ujiji sou ry om die plek te sien waar Stanley vir Livingstone ontmoet het. "Dr. Livingstone I presume" is ons nie beskore nie.

Maar ons kamp reg voor op die meer by Tanganjika Lodge, swem in die koel meer om af te koel van die 36 grade en eet heerlike vars geelpensvis wat 'n visserman aan ons verkoop. Ons het al sowat 4 600 km afgelê. Nou draai ons terug en ry deur Malawi en Mosambiek terug huis toe.

Ek verloor my hart totaal en al in Malawi. Dis dramaties mooi. Dis groen. Daar's berge. Daar's water; 'n hele meer vol. En ek beloof myself, eindag kom ek weer hiertoe terug om soos Livingstone van ouds 'n ontdekkingsstog deur dié mooi Afrikaland te doen.

- Inligting o.a. verkry van die boek *Livingstone* deur Tim Jeal.
- Live the Journey: 021 912 4090 of epos info@livethejourney.co.za



BPhil-klas van 2010 saam met mnr. Ton Vosloo en Jo-Ann Floris (voor tweede van regs).

Rykie van Reenen-genoot van 2010

JO-ANN FLORIS

My jaar as 2010 Rykie van Reenen-genoot drafstap na sy einde, en ek hol uitasem langsaan terwyl ek behendig spring oor die nasien-hekkie, koes vir die indiepte-projek se kreune en vat-vat aan die goue sterretjie aan self omdat ek dit tot hier gemaak het.

Toe my selfoon verlede jaar November lui net na ek oor die Stormsrivierbrug – die grens tussen die Wes- en Oos-Kaap – is, het my netjiese planne vir die volgende jaar uitmekaar in stukke gespat.

Die aanbod was om Rykie-genoot te word, iets wat nie eens amper deel van my beplanning was nie. Ek was op pad huis toe, Wellington toe, om my verjaardag met

my familie te vier. Port Elizabeth, waar ek toe drie jaar redakteur van Die Burger Oos-Kaap was, het ver agter my gelê.

Dit was nie 'n maklike besluit om die aanbod te aanvaar nie; daar was so baie dinge om in aanmerking te neem. Maar in laat Januarie 2010 het ek saam met die groep van 26 joernalistiek honneursstudente 'n pad begin loop.

Daar is 'n paar goed wat jy vinnig, baie vinnig leer terwyl jy probeer om ander te leer: Moenie kleingelowig wees nie; moet nooit self ophou leer nie en moenie jouself jammer kry nie. Ooit nie.

En o ja, groei 'n dik vel as jy nog nie een het nie, want studente gaan slaap in jou klas. Vir jou kyk asof jy hul vrede

kom durf versteur. Allerhande truuks uitdink om nie die nuustoets te skryf op 'n Vrydagmiddag nie....

Hierdie jaar was 'n geleentheid soos min – om aan die “ander kant” van die joernalistiekdraad te staan en deel te wees van 'n span wat joernaliste help skaaf het om as volwaardige jong professionele mense die bedryf te betree.

Ek het eenkeer gehoor iemand vergelyk opleiding met K53; dat jy eers werklik leer bestuur as jy op jou eie is. So ek groet vanjaar met die wens dat die Klas van 2010 vreesloos maar verantwoordelik die stuurwiel self sal neem, onbekende paaie gaan verken en dat hul lesers altyd saam met hulle meegevoer sal word.

Marita Kook ook

Daar is geen einde aan Marita van der Vyver (klas van 1979) se produktiewe pen nie – besoek haar webwerf www.maritavandervyver.info. Van haar jongste werke is die volgende:

- 'n Roman, *Dis koue kos, skat* (in Engels vertaal as *Just Dessert, Dear*), uitgegee deur Tafelberg
- 'n Kosboek met foto's deur Lien Botha, geskryf met die samewerking van haar man, Alain Claisse: *Somerkos in Provence* (in Engels beskikbaar as *Summer Food in Provence*), uitgegee deur Tafelberg
- *Die mooiste sprokies van Grimm*, geïllustreer deur Piet Grobler, uitgegee deur Human & Rousseau

Daar was ook vanjaar die rolprent *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*, gegrond op haar jeugboek met dieselfde titel, en 'n toneelstuk, *Vergenoeg* (gegrond op haar roman met dieselfde titel), met Sandra Prinsloo in die hoofrol, wat op die KKNK geopen het en daarna by verskeie kunsfeeste te sien was. Sy is pas klaar met die verfilming van 'n kookreeks vir KykNet op die Franse platteland, *MaritaKook*, wat volgende jaar uitgesaai word.



New publisher for Specialist Magazines


Kobus Louwrens (class of 1995), former general manager of East Africa Magazines in Kenya, has been appointed as publisher of the Specialist Magazines business unit. Specialist Magazines publish the iconic *Landbouweekblad*, as well as the publications *FarmingSA* and *SA Jagter/Hunter* (in a joint venture) and SA's premier agri website, landbou.com.

Kobus, a graduate of the journalism school at Stellenbosch University, is completing his MBA from the US Business School. He started his career as a journalist at *Die Burger* and prior to joining East Africa Magazines he was the publisher of Breede River Media and Overberg Media, home to several of Media24 Newspapers' community newspapers.





Keina by haar twee kinders, Suzanne (7) en Nina (9) Swart, tydens die bekendstelling van "Hoekom Praat Grootmense so Snaaks?" Regs: Bladsye uit dié boek.



Wonderlike wêreld van WOORDE

Keina Swart (Neethling) het die graad HonsBjoernalistiek in 1993 voltooi en MPhil Joernalistiek (*cum laude*) in 1998. Sy is die afgelope tien jaar redakteur en mede-eienaar van *Die Pos*, 'n plattelandse koerant in Limpopo, wat tans die houër is van die Sanlam Gemeenskapspers-titel: Naasbeste Dorpskoerant in die Land en Namibië. Haar eerste kinderboek, *Wat Dokter Snollieneus nie kan doen nie* het in 2007 verskyn en die tweede een, *Hoekom Praat Grootmense so Snaaks?* het vanjaar by Protea Boekhuis verskyn. Sy doen ook vryskutwerk vir verskeie ander publikasies.

KEINA SWART

Dit voel soos anderdag dat ek vir die eerste keer by die Universiteit van Stellenbosch se joernalistiek-departement ingestap het.

Ek was nuut in die Kaap en het nie geweet waar op aarde ek moet registreer, bly, klasloop of wasgoed doen nie. Ek het voor die tyd die klein huisie in Crozierstraat met die hulp van 'n kaart gekry.

As ek vandag terugdink aan my jaar op Stellenbosch, dink ek heel eerste aan dinge soos die klasuitstappie Robbeneiland toe, die hofbesoeke in die Kaapse Hooggeregshof, aan die gesukkel en gelag met die foto-ontwikkeling in die donkerkamer en die kastige swottery op Bikini Beach. Ek onthou die reuk van winterreën, Danie se tee, die woeste gekletter van die tikmasjiene waarop ons

nog in daardie tyd gewerk het.

Maar my jaar op Stellenbosch onder prof Johannes Grosskopf was ook vir my die oopsluit van die wonderlikste wêreld van woorde.

Dit was die jaar dat ek geleer het die beste voegwoord in enige sin, is 'n punt. Dat as jy nou nog nie weet "op pad" is twee woorde nie, sal jy dit waarskynlik nooit weet nie. Dat as jy nie van syfers en ekonomie hou nie, dit tyd is dat jy vinnig daarvan begin hou, al beoefen jy watter vorm van joernalistiek. Dat 'n mens vrá hoe jy iemand se naam spel, al is die ou se naam Jan Venter. Dat daar 'n reuse-verskil is tussen 'n hofspraak "uitstel vir vonnis" en 'n hofspraak "uitstel vir uitspraak".

O ja, en as jy nie die boek gelees het nie, moenie 'n resensie probeer skryf uit wat jy op die apteks wys geword het nie.

Dis dan wanneer Kerneels Breytenbach vir jou onderaan skryf: "... 'n regte Tryna du Toit-sin!"

Maar sekerlik een van die grootste nie-joernalistieke lessies wat ek daardie jaar geleer het, is die dag toe prof. Grosskopf kort voor sy aftrede aan ons bely het: "Ek voel sleg daarvoor, maar ek moet bieg dat ek al studente afgekeur het vir hierdie kursus op grond van hoe hulle aangetrek het vir hul onderhoud."

Nie juis iets wat studente (óf joernaliste!) graag wil hoor nie. Maar iets wat my vandag nog bybly wanneer ek onderhoude lei, en soms by myself wonder: "Hierdie onderhoud kan dalk die belangrikste een van jou lewe wees — hoekom, hóekom het jy nou juis dít gekies wat jy gekies het?" Dankie Prof, vir daardie bietjie "nuttelose" inligting!

Maar my jaar op Stellenbosch onder prof Johannes Grosskopf was ook vir my die oopsluit van die wonderlikste wêreld van woorde.



Emma with a few of the Sudanese refugee children at sunset. We were on our way in the vicinity of Dadaab. Aid-workers and journalists may not be outside the gates of the UN-camps after sunset - it is too risky.

ONCE A

journalist

ALWAYS A

refugee

EMMA DE VILLIERS

Am I the only journalist with a death wish? I ask myself as the driver informs us that we have just left civilisation. Ahead of us 100 km of a sandy road curving its way through a labyrinth of dead ends, empty river beds and a desert landscape as far as the eye can see. The destination is Dadaab – the site of what is believed to be the largest refugee camp in the world.

The moment I became aware of Dadaab's existence I longed to make my way there to tell its story – a place where human suffering collides with nature's harshest elements, a place journalists don't visit often as getting access to the camps is a logistical nightmare, a place that testifies to the horror of a continent forever at war with itself. I wanted to see it for myself. In March this year I did.

Most of Dadaab's more than 300 000 inhabitants are Somali refugees – tall, slender, graceful people with deep set eyes and an impossibly dark skin. And Islam is entrenched in every part of their existence – first visible in their appearance. The men have beards. The women are covered from head to toe. How they survive in this heat baffles me – at midday the mercury peaks at forty five degree Celsius. If hell ran out of space – there's an alternative to be found in North Eastern Kenya.

Back in Somalia, most of these refugees were pastoralists, spending their days seeking forever greener pastures for their goats, sheep and camels. But here in Dadaab Kenyan law forbids them to leave the camps. And the thousands of animals that crossed the border with them are trampling what precious little green remains in this baked wasteland.

Here in North Eastern Kenya Mother Nature plays horrible tricks on those who dare attempt to survive here. In a few months the rains will come. But not to bring relief. The precious fertile top soil remaining after sandstorms have bulldozed the region will be violently shifted and lost forever once the torrential downpours start. All of this adding to the challenges of making a living in this unforgiving environment.

What these refugees left behind was a country that hasn't known any stability for more than twenty years, a region where "justice" is indicted by Al Shabaab and Islamic Courts. The hand that steals a morsel of food today will be chopped off tomorrow; the girl who was raped while on her way to fetch water will most probably be stoned or "executed" by firing squad. If you're fortunate enough to survive "Justice" you still have to contend with the ongoing war. No, I haven't seen any of these things with my own eyes. Like most people, I have to rely on what I read in the media. And like most people, I don't always believe what I read. That was until I visited Dadaab; that was until I spoke to people who experienced these terrors first hand.

Documenting their stories was one of the most memorable experiences of my life. We travelled the vast expanse of the camps crammed with four Somali locals into a Land Cruiser that had seen better days. I heard stories of rape and terror by night; the heart-breaking ordeal of families torn apart by war never to hear from each other again and the unbelievable story of Mustaffah. I had hoped to speak to a man who was born and raised a refugee. Mustaffah was 20 years old, the same age as Dadaab. In impeccable English, he relayed what he had read and dreamt about a world where the sun is not always so cruel, where buildings are taller than the highest tree in the refugee camps and where people are free to go where they please. He dreams of one day being a doctor, but it is unlikely that he will ever leave Dadaab.

As a story teller, one never knows what awaits. As the camera starts rolling and you put pen to paper the potential of new worlds beckoning you closer awaits. It's the stuff dreams are made of. And as Truth reveals herself, one's own world is more often than not left changed forever. I doubt I can ever allow myself to live a conventional life; it's the kind of existence I will always be seeking, seeking refuge in a world more twisted and broken than anything I could ever have imagined.



12:00 midday. Extremely hot (45 degrees). I must remember my words, keep my eyes open with the glaring sun and an audience looking on.



Surrounded by a number of Somali refugee children at one of Dadaab's watering points.



Talking to Mohammed about his perception of the "outside world". He was born in Dadaab and has never travelled.



Living my *American Dream*

SIYABONGA AFRICA

On an April evening in 2009 I was sitting at my desk at ITWeb, the IT news agency which I had been working at since mid-2008. The office was empty and I was checking e-mails ... for the one that informed me that I was awarded a scholarship to study in America!

A year later, and I am currently a master's student in Indiana University's Telecommunications Department. The department's graduate programme focuses on media production and theory and attracts talent from as far as Beijing, China. I am honoured to be among them and to have the opportunity to answer the fundamental question that drew me here in the first place.

Where is news media going? As a journalism student, in 2007, I was given the opportunity of a lifetime to participate as a videographer at the World Editors' Forum that was being held in Cape Town that year. The main topic then, and probably still today, is where our profession is heading in the fast changing media environment that has been turned on its head by the advent of Web2.0.

Whether it's social media, interactive Web sites, or just new communications tools (e.g. Skype) we cannot help but admit that times have changed, and media has changed (for better or worse) with them. I have one more academic year to go and I aim to be on my way to answering the question that brought me here in the Fall of 2009.

Haidee is Befonk

Haidee Muller is op 7 Januarie 1973 op Oudtshoorn in die Klein-Karoo gebore, sy het ook hier groot geword en aan die Pacaltsdorp Senior Sekondêre Skool op George gematrikuleer. Sy behaal 'n BA in Sielkunde en Politiek aan die Rhodes Universiteit op Grahamstad. In 1995, met haar graad reeds agter haar naam, begin sy haar heel eerste joppie as ontvangsdame by 'n hotel op haar tuisdorp voordat sy in die daaropvolgende jaar 'n werk as sekretaresse by die tydskrif *YOU* in Kaapstad "losslaan" – sonder dat sy 'n woord kan tik. Twee jaar later word sy aangestel in *Huisgenoot* se advertensie-afdeling voordat sy 'n Media24-beurs ontvang om joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch te gaan studeer. Toe sy einde 2003 die kursus BPhil slaag, het sy haar internskap by *Huisgenoot* gedoen. en sy is nooit daar weg nie. Deesdae skuif Haidee ook twee aande per week agter die mikrofoon in as omroeper by die Afrikaanse radiostasie RSG – sedert April vanjaar bied sy en Ivor Price die jeugprogram *Befonk* op Dinsdae en Donderdae aan. "Ek kon nie vir beter vra nie, beide joernalistiek en radio was van kleins af groot drome. Ek geniet elke lieue oomblik van my werk. Is iemand dalk lus om vir my TV-werk aan te bied? want dan is die sirkel voltooi," spot sy. Sy het verskeie benoemings vir haar lekkerlees-stories ontvang, onder meer as finalis in 2009 se ATKV-Mediaveertjie in die kategorie: Gedrukte media (Vermaak en Ontspanning) vir haar storie *Gedeelde Wortels, Gedeelte Drome* oor die 7de Laan-akteurs Theodore Jantjies en Christo Davids se grootwordjare op Heidelberg in die Wes-Kaap. Sy was ook 'n kategorieewenner in Media24-prys vir Joernalistieke Uitnemendheid, 2006/2007 (twee kwartale agtereenvolgens) in die afdeling: Redakteurskeuse.



MPhil student to attend arts journalism in Los Angeles

Master's student Gillian Rennie has been selected as one of six fellows for the 2010 USC Annenberg/Getty Arts Journalism Program in Los Angeles this November.

This year's Fellowship will emphasise the visual arts and architecture of Los Angeles, with attention paid to how conversation about the arts creates an increasingly valued buzz in global media. Fellows visit private studios, rehearsal rooms, architectural firms and art schools and will have behind-the-scenes opportunities to meet renowned artists, arts administrators and accomplished journalists. Fellows also integrate with USC Annenberg's master's programme.

With support from The Getty Foundation the programme (now in its ninth year) seeks to establish a standard of excellence in arts and culture coverage. The Fellowship's philosophy is guided by a core belief in the importance of first-hand encounters with both creators and journalism colleagues.

Rennie, who has edited *Cue* (the daily newspaper at the National Arts Festival) for the past 12 years, currently teaches Writing & Editing at Rhodes University. "This is a highly intimidating line-up of fellows but I can't wait to get on an arts high with them – and introduce them to South Africa's arts of course!"

The 2010 USC Annenberg/Getty Fellows were selected from a pool of over 75 applicants from 19 American states and 17 foreign countries by a committee of arts journalists and journalism school directors.



Summer school in *Helsinki*

NICOLA DAVIES-LAUBSCHER

I can't leave my husband (Theuns Laubscher – class of 1991), two small girls, job and study assignments behind for a solo jaunt of three weeks at a European university. That was my initial thought when Huba Boshoff, co-ordinator of the University of Stellenbosch's International Office, came to speak to our MPhil group about the possibility to study abroad.

But Huba's passionate tales of foreign cities and interesting academic pursuits were enough for me to start exploring the possibility of putting my daily routine on hold to take part in a summer school.

The summer school options available to me included courses at universities in Hong Kong, Finland, France and Germany. Even though your chosen academic programme need not be specific to your field of study, it was important for me to find some common ground between my thesis work and the three-week exchange.

In the end I chose the course 'Introduction to Bioethics' at the University of Helsinki. A new and exciting field, there is also a golden thread that links bio-ethics to my thesis that focuses on the role of the media in framing President Jacob Zuma's concurrent sexual relationships as cultural polygamy. (I work for a company that conducts HIV and Wellness workshops and our experience supports the research that singles out the practice of concurrent sexual relationships as one of the main drivers of the HIV epidemic in sub-Saharan Africa.)

As one of the US's partner universities, the University of Helsinki picked up the tab for my accommodation and tuition. The R10 000 travel bursary from the US covered most of my travel costs (airfare to Helsinki and a travel card for the duration of my stay in the city) which meant that I did not have to borrow money or dip into our bond to cover my costs.

I simply don't have the word count available to expound on the thrill of living and working in a unfamiliar city, the awesome people I met, the many beers I sampled and the fact that I came back feeling as if someone shot a cannonball through my head filled with new ideas and endless possibilities. For that you will have to meet me for coffee! I can



only recommend that you make use of this fantastic opportunity to see and learn and be inspired.

You can contact the International Office on 021 808 2606 or e-mail Huba directly at huba@sun.ac.za. Read more about the

study abroad and exchange programmes at www.sun.ac.za/international (Of course: you have to be a registered master's student ...) The International Office also offers longer exchanges (a term or more) to partner universities.

Strategiese Kommunikeerder

Ek kan my nie voorstel dat ek iets anders vir 'n lewe sou wou doen nie. Ja, dit is harde en soms uitmergelende werk wat op nimmereindigende spertye berus, maar dis bitter bevredigend om die eindresultaat te ervaar. En ek dink dít is juis waarom dit gaan – 'n mens erváár die eindproduk.

Aan die gesels is Ilse Cilliers, eienaar van Ilse Cilliers Strategiese Kommunikasie (ICSC) wat op 1 Oktober tien jaar oud geword het. Cilliers van Durbanville is in 2006 as *SakeBurger/Old Mutual* se Entrepreneur van die Jaar aangewys op grond van, volgens die beoordelaars, “kreatiwiteit, finansiële gesondheid, werkskepping en wat ander van jou dink”.

ICSC bied strategiese kommunikasiedienste aan korporatiewe kliënte waar hulle fokus op interne kommunikasie tussen bestuur en personeel, en aan nie-korporatiewe kliënte waar hulle op eksterne kommunikasie met kliënte en die mark konsentreer. “Ek glo kommunikasie kan 'n onderneming maak of breek. Dit maak nie saak hoe goed jou maatskappy se doelstellings is nie – as jou personeel dit nie ondersteun en jou help om dit te bereik nie, gaan jy nêrens kom nie. Die voorbeeld van eksterne kommunikasie is meer algemeen bekend: dit maak nie saak hoe mooi jou produk is nie, as niemand daarvan weet nie, gaan niemand dit koop nie.”

ICSC bied die volle spektrum van kommunikasiedienste aan kliënte. Hulle bepaal eers die kommunikasiebehoefte in ooreenstemming met die sakebehoefte, stel dan 'n strategie saam en dan volg 'n gedetailleerde aksieplan oor wanneer wat aan watter teikengroep gekommunikeer moet word. ICSC se span is ook self verantwoordelik vir die uitvoering van die aksieplan wat kan insluit die skryf van kopie, saamstel van nuusbriewe en brosjures; skryf, ontwerp en ontwikkeling van webtuistes; vervaardiging van DVD's; skryf van koerantartikels, grafiese ontwerp, ens. “Ons is nie een bang om te werk en ons ‘hande vuil te maak’ nie. Ons doen wat gedoen moet word sodat daar op die ou einde doeltreffend gekommunikeer word.

Cilliers het ICSC in 2000 gestig ná tien jaar in die kommunikasiebedryf by hoofsaaklik finansiële instellings. “Ek het hard gewerk en goeie leermeesters gehad. In daardie tyd het ek ook my Meestersgraad behaal. En toe was ek gereed om die groot stap te neem! Ek het aanvanklik uit my huis gewerk en later, soos die werk meer geword het, vryskutwerkers begin gebruik. Vandag is ons 'n span van ses voltydse personeellede (in 'n mooi, sentraalgeleë kantoor!) en het 'n geselekteerde groepie kontrakteurs met wie ons werk.”



In 2004 het Cilliers haar eie grafiese ontwerpstudio, RoundOne, geopen om in ICSC se grafiese ontwerpbehoefte te voorsien. “Dit het net sin gemaak om al ons dienste vanaf die kreatiewe idee tot die toepassing daarvan onder een dak aan te bied. Dít beteken ons kan self alle gehaltebestuur doen en sorg dra dat ons nooit spertye mis nie.”

Cilliers glo egter daaraan om haar kennis en ervaring in die gemeenskap terug te ploeg. ICSC is vir die afgelope ses jaar by welsynsorganisasies betrokke wat na kinders omsien soos Durbanville Kinderhuis, Big Brothers Big Sisters South Africa en Home of Hope.

Ilse kan gekontak word by ilse@icsc.co.za of www.icsc.co.za

“

Cilliers glo egter daaraan om haar kennis en ervaring in die gemeenskap terug te ploeg. ICSC is vir die afgelope ses jaar by welsynsorganisasies betrokke

”

Deutschland, Deutschland über alles...

(Except Mother Nature)

CHRIS BOONZAIER, huidige MPhil-student (BPhil-klas van 2008)

According to the German news agency Deutsche Welle (“German Wave”), the German government utilised around 1.6 billion tons of salt to melt layers and layers of ice that formed on highways (the famous Autobahn), roads, railways and pavements in the winter of 2009/2010. Imagine the South African government presenting each citizen in the country with approximately 32 tons of salt and asking them to hurl all of it to the ground.

Coined by the British media as “The Big Freeze”, the winter of 09/10 was the worst that hit Germany in 14 years, with temperatures dropping to around -20°C. To make sure everyone knew she was making a statement, Mother Nature set the table with a blanket of extreme snowfall and heavy hail literally turning the whole country into one big ice rink. Additionally, Hamburg – Germany’s “Gateway to the World” and the country’s largest port city – completed the winter ensemble with icy winds, successfully defending its title as Europe’s windy city.

Amidst the winter craze and thousands of trucks dumping salt almost everywhere, stood one brave South African warrior. Naively staring down Mother Nature, arrogantly thinking he has the African earth and sun pulsing through his veins, he shouted en garde and waged war against the mighty Mother herself.

The result? Well, he slipped, he froze, he didn’t conquer... and fell to the ground close to 1.6 billion times. At least Germans don’t understand any Afrikaans – including swear words...

In October 2009 my life was (completely) uprooted from sunny Stellenbosch, South Africa and re-established in first a magical autumn and then the infamous, icy winter of Hamburg, Germany. As part of an annual exchange between the journalism departments of Stellenbosch University and Hamburg University, I took part in the Erasmus Mundus Journalism and Media within Globalisation programme for almost five months. And what an awesome five months it was. I am still hooked on the place!

The programme brought together 22 journalism students from diverse countries ranging from Australia to Bangladesh, Nigeria to Chile and Germany to the Philippines. Journalism and media in the global village were discussed and studied with a special focus on how different media systems compare, how new media is shaping citizen journalism, how the public sphere is being shaped and what the effects of identity formation in this new realm is and can be.

And although the idea of this exchange was primarily academic (trust me, I had to continually remind myself that 50% of my master’s degree had to be completed in Hamburg), the exchange was so much more: it was German beer, tons of paperwork, bakeries, a new language, fast trains, travelling, technology, the Euro, Glühwein, Christmas markets, a white Christmas (which I now know only looks nice in a photograph, but in reality is freeeeeeeziiiiiiiiing!), Angela Merkel’s offices in Berlin, Deutsche Welle’s offices and Beethoven’s birth city in Bonn, and the European Union’s impressive (!) headquarters in Brussels, Belgium only a 40-minute plane ride away.

Most important: a network of friends from across the globe (some of whom will provide me with free accommodation



One of the class excursions to Berlin. Chris (right) and a fellow classmate in front of the Brandenburg-tor in Berlin.



Chris with fellow Erasmus-Mundus classmates during Christmas celebrations.

whenever I visit Spain, Australia or Germany in the near or far future!).

In the end, tears were all around, and although I have 50% of my master’s degree done, I am still plotting ways of getting back to Deutschland. My latest scheme: marriage. So if you happen to have an EU passport and you feel like making a quick turn at the magistrate’s office, give me a call. This “arrangement” might be illegal in Germany and we might have to stay “happily married” for three years until the German government recognises me as a German citizen, but back to Germany I will definitely get. Any takers?